Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

Sonde

1 Johannes 1:5-10

Dis tog 'n woord wat 'n mens se lewe lelik kan omkrap. Dis ook nie so maklik om vir hierdie woord 'n goeie definisie te gee nie.

Sonde is negatief. Tog het dit nie die laaste sê nie! As jy net op sonde fokus , sal dit maar sleg met jou gaan. Fokus eerder op die verlossing en vergifnis van jou sonde.

Sonde in die lig van verlossing is uiters positief.

Dit maak dat jou verhouding met God beter is, en dat jy God beter verstaan en liefhet. Lees die teksgedeelte, dit mag jou dalk daarmee help.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?

Definisie:

Ongehoorsaamheid aan God.

Alternatiewe definisie:

Om nie te leef soos God van jou vra nie.
(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

Sonde

Wat is 'n paar voorbeelde van dinge wat volgens sommige mense verkeerd is en ander mense reg is? Wie dink jy moet oor hierdie sake besluit? Is dit elke persoon vir homself?

Dink jy dit is toevallig dat wanneer ons ons eie morele kode probeer opstel oor wat reg en verkeerd is, die "regte" gedrag weerspieël wat ons reeds doen, en dat die "verkeerde" gedrag weerspieël wat ons nie doen nie?

Waarom wil ons onsself die standaard draer van moraliteit maak?

Hoe lei skuldbelydenis sonder gehoorsaamheid tot verdraagsaamheid?

Hoe lei gehoorsaamheid sonder skuldbelydenis tot self selfgeregtigheid?

Waarom is belydenis sowel as gehoorsaamheid nodig vir 'n volwaardige liefdesverhouding?

Quellerina Gemeente